



In benoudheid - waarom bid?

Jy was tog seker ook al dikwels in jou lewe bang? Bang –

- vir die dood
- vir die operasie
- vir die uitslag van die toetse dat dit kanker kan wees
- vir die toekoms?

Het jy al geluister wat mense doen as die nood op die hoogste is?

Mense – selfs ook die ongelowiges – roep tot God.

Nood leer mos bid, nie waar nie?

Nou – waarom roep die ongelowige tot God?

Kyk, hy weet dat God bestaan. Die duiwel weet dit ook mos. Die waarheid is egter: Die ongelowige ken God nie en hy glo ook nie in Hom nie. Hy roep net tot God omdat hy bang is en vir geen ander rede nie. 'n Moordenaar is besig om te sterf en hy is bang vir die dood. In sy nood praat hy dan ook met Christus. "As U die Christus is, verlos Uself en ons" (Luk 23:39). Hy praat met Jesus sonder dat hy Hom werklik ken en sonder dat hy in Hom glo.

Daarom, toe hy met Jesus praat, het hy Hom gelaster.

Waarom roep die gelowige tot God?

Ag, dis mos nou voor die hand liggend. Hy doen dit omdat hy God ken en in Hom glo. Daar is nog 'n moordenaar wat besig is om te sterf. In sy benoudheid praat ook hy met Christus.

"Dink aan my, Here, wanneer U in U koninkryk kom (Luk 23:42). Hierdie moordenaar ken Jesus as die Seun van die lewende God. Hy glo dat Jesus die Messias is, die Verlosser wat die sondes van sondaars kom betaal het.

Koning Dawid was ook dikwels in sy lewe beangs en benoud. Alleen

in die nag te midde van baie gevare moes hy die skape oppas. Hy moes vlug vir sy lewe – sy seun Absalom wou hom doodmaak. Wanneer Dawid bang was, het hy tot die Here geroep.

In sy nood bid hy. Hy doen dit omdat hy God ken. En luister mooi wat Dawid in Psalm 28 sê oor hoe hy vir God ken:

Hy is die HERE (vers 1). Hy is die troue Verbondsgod. Hy hou sy woord. Hy doen wat Hy sê, Hy is die God op wie jy kan vertrou. Hy is "my Rots" (vers 1).

Rots – beeld van vastigheid en onbeweeglikheid. Hy gee aan jou lewe vastigheid. By Hom kry jy sekuriteit.

"Die HERE is my sterkte en my skild" (vers 7). Hy gee aan jou die krag om te kan lewe. Om te midde van beproewinge te kan uithou en te kan aanhou. Hy is jou Beskermer.

Hy is "vir julle 'n Herder" (vers 9).

Hy versorg jou, dra jou, pas jou op, laat jou rus, versterk jou.

Hy hoor jou smeking (vers 6).

Hy hou Hom nie doof vir jou smeking nie. Hy hoor as jy tot Hom roep.

Ken jy God so?

Maar ek wil nog 'n skerper vraag vir jou vra: Glo jy ook in HDM?



Publikasie
Publication



Nr./No.: H29